


# Week 4

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer wat liefde is en hoe mense wat vir ons lief is ons moet behandel.<br>• Hulle hoor ook dat hulle kosbaar is en dat mense vir hulle lief is.<br>• Maats leer hoe ons liefde wys en hoe ons deel met ander.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, ryg, plak, verf, knip en vou van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer dat ons in harmonie moet saamwoon en liefdevol en met respek teenoor mekaar moet optree.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters “lees” saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie “leeservaring” word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• ’n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en “skryf” hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord.<br>• Bepaalde woorde word aan maats omskryf ten einde hulle woordeskat te verbeter. |
| Verken wiskunde | • Die nommer “twee” word vir die week behandel. Maats moet tel tot by twee.<br>• Maats tel “pom-poms” tot by twee af.<br>• Maats leer van die driehoek (die vorm hierdie week).<br>• Krale word op grond van hul kleur gesorteer. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om ’n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer ’n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Aandag word op verhoudings, bepaalde kleure, vorms en nommers geplaas.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take soos die armbande en kaartjies wat hulle vir mamma en pappa onderskeidelik moet skep. |

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Twee (2)***
- Vorm van die week: ***Driehoek***
- Kleur van die week: ***Rooi***

# SIRKELSESSIE
## *Van die week*

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 2 tel terwyl hulle ritmies hande klap.***

## Sirkelbespreking van die week



Ontmoet vir:



# Rosie-Rooi

# ROSIE-ROOI *(Die storie)*

Rosie-Rooi bly in die ou wit huis met die bloedrooi dak aan die buitekant van die dorpie Rooidrif. Sy het die huis by haar ouma Rosa geërf en soos haar ouma hou Rosie baie van rooi rose. Rosie staan elke dag vroeg op en sit 'n rooi gabbelgogga-hartjie op haar kop vas. Dan stap sy na die roostuin met 'n mandjie en 'n snoeiskêr. Sy sny die mooiste rooi rose af sodat sy dit in blompotte in die huis kan sit. Daar is niks so mooi soos potte vol rooi rose nie. Rosie sny dan ook die ou rose en takkies af.

Terwyl Rosie so deur haar rooi roostuin stap sien sy iets wat sy nog nooit voorheen gesien het nie – 'n bloedrooi naaldekoker. Sy kan haar verkyk aan die pragtige naaldekoker met sy blink vlerkies wat glinster in die son. Oral waar sy in die tuin stap, vlieg die rooi naaldekoker saam asof hy haar wil geselskap hou. Rosie sien later al uit om elke dag die naaldekoker in die tuin te sien.

Iets baie snaaks gebeur dan ewe skielik is Rosie se rooi rose groter en kan 'n mens hulle van ver af reeds ruik. Sy wonder of die rooi naaldekoker iets daarmee te doen kan hê en besluit om dankie te sê. "Dankie mooiste rooi naaldekoker. My rooi rose was nog nooit so mooi nie.", sê Rosie vir die rooi naaldekoker. Dis asof die rooi naaldekoker sy blink vlerkies twee keer vinnig laat fladder voordat hy wegsweef.

**Vertoon hierdie week vir Rosie-Rooi in die klas**

Maats kan die ganse week vir Rosie-Rooi rooi kossies gee om te "eet". Hulle kan rooi speelgoed bring waarmee sy kan "speel". Sy kan 'n rooi roos of blom kry ens. Moedig maats aan om gepaste rooi items vanuit die klas of van die huis af vir Rosie-Rooi te bring.

**Probeer hierdie week om ROOI verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats verskeie geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**




Mollie


Driekie Driehoek
Hoeveel driehoekies sien julle?


2
Mollie

# Bybel-illustrasies



**Visuele prosessering:** Daar is EEN duif / Daar is TWEE van elke dier / Die reënboog het SEWE klere

## Bybel-liedjie: Noag het 'n ark gebou (CD) Som Noag se storie vir maats op

Die vloed het vir veertig dae en vir veertig nagte aangehou. Toe het dit opgehou reën. God het toe 'n sterk wind gestuur en die water het begin sak. Die ark het toe op 'n berg uitgespoel. Die berg se naam was Arrarat.

Noag en die diere kon nog nie uit die ark klim nie. Noag moes eers seker maak dat al die water opgedroog het. Hy stuur toe 'n kraai uit om te gaan kyk of daar droë land is. Die kraai het teruggekom en op die ark kom sit want daar was nie vir hom 'n droë plekkie om te land nie. Toe weet Noag dat die water nog nie alles opgedroog het nie.

'n Paar daggies later het Noag 'n duifie uitgestuur om te gaan kyk of die land al droog is. Die eerste keer het die duifie vinnig teruggekom want daar was geen plek vir hom om te land nie. 'n Paar dae later het Noag weer die duifie uitgestuur. Hierdie keer het die duifie teruggekom met 'n olyftakkie in sy snawel. Noag het toe geweet dat die water begin sak het, maar al die water was nog nie opgedroog nie. Hulle kon nog nie uitklim nie.

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Watter voëltjie het Noag eerste uitgestuur?
- Watter voëltjie het Noag tweede gestuur?
- Hoeveel keer het Noag die duifie uitgestuur?

# Bybelles

*Noag se ark*

# DAG 1-2

## Woordeskat-ontwikkeling

Kraai

'n Swart voël met 'n skerp bekkie

Olyftakkie

'n Takkie van 'n olyfboom af

Snawel

'n Voëltjie se snawel

## Lewensles:

Ons moet vir God luister

*Noag se ark*

# DAG 3-4

Noag het 'n paar daggies later weer die duifie uitgestuur. Dit was die derde keer wat Noag 'n voëltjie uitgestuur het. Hierdie keer het die duifie nie teruggekeer nie. Toe het Noag geweet dat die water gesak het. God het toe vir Noag gesê om uit die ark te gaan en sy gesin en die diere saam te vat. Noag, sy gesin en die diere het almal saam van die ark afgeklim.

Almal was baie bly om weer op droë land te wees. Om dankie te sê dat God hulle deur die vloed beskerm het, het Noag toe 'n offer aan God gebring. 'n Offer is iets wat ons vir God gee om dankie te sê vir dit wat Hy vir ons doen.

God het toe belowe dat Hy nooit weer die wêreld deur 'n vloed sal vernietig nie. Hy het toe 'n reënboog in die lug laat verskyn as teken van Sy belofte dat Hy nooit weer die wêreld met water sal verwoes nie.

## Woordeskat-ontwikkeling

**Offer**

Iets wat ons vir God gee om dankie te sê

**Vloed**

Baie water

**Reënboog**

'n Boog van sewe kleure in die lug

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Hoe het Noag geweet dat die water gesak het?
- Wat het Noag gedoen om vir God dankie te sê?
- Sal God weer die wêreld met 'n vloed vernietig?
- Wat gee God as teken van Sy belofte?

## Lewensles

God hou altyd Sy woord

# DAG 5

## Hersiening

Doen hersiening en lig belangrike begrippe uit en herhaal woorde wat moontlik nog vreemd vir kleuters mag wees.

Maak seker dat kleuters die volgende weet:

- Die Bybel leer ons dat God Sy beloftes hou. Wanneer ons 'n reënboog sien weet ons dat God altyd doen wat Hy belowe.
- Noag was gehoorsaam toe God vir hom gesê het om die ark te bou – al het mense vir hom gelag. Omdat hy gehoorsaam was het God vir Noag en sy gesin gespaar en veilig gehou.

**Herhaal terme**

Kraai/Olyftakkie/Snawel/Offer/Vloed/Reënboog

## Lewensles

Wanneer ons aan God getrou is, is Hy aan ons getrou

Mamma noem my liefie-lyf,

en vryf haar hand dan deur my kuif.

Onthou jou lyfie is perfek,

elke deeltjie op sy plek.

Jesus het jou so gemaak,

dit was 'n grote liefdestaak!

# TEMA
*(Gedig en storie)*

## GEDIGGIE VAN DIE WEEK
*Valentynsdag (CD)*

***Die gedig lig uit dat Valentynsdag die dag van liefde is en dat rooi, rose en harte daarmee geassosieer word.***

***Laat maats die gediggie dramatiseer.***

***Bespreek deurgaans die klanke wat maats in die gedig hoor.***

## STORIE VAN DIE WEEK
*Juffrou Springhaas se Valentynsdag (CD)*

***Hierdie week kom Mollie agter dat sy juffrou, Juffrou Springhaas, alleen op Valentynsdag is. Mollie besluit dadelik om vir haar iets spesiaal te doen sodat sy ook spesiaal kan voel. Hy maak vir juffrou die mooiste kaartjie!***

***Luister elke dag 'n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulle dink die volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke).***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TEMATAFEL *('n Geskenkboks)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week pak ons 'n wasgoedmandjie uit.*
*Gebruik die handpop en pak die boks stuk-stuk saam met maatjies uit!)*

**Pak sjokolades en ander items wat met Valentynsdag verband hou ook op die tafel uit.**

Valentynsdag is die een dag in die jaar waarop ons vir mense wys dat ons vir hulle lief is. Mollie het besluit dat hy hierdie jaar vir Mamma Muis wil wys dat hy sommer baie lief vir haar is. Hy besluit om vir haar 'n geskenkboks vol geskenkies te pak om vir haar dankie te sê dat sy so 'n goeie mamma is. Wat dink julle het hy alles vir haar in die geskenkboks gepak?

*(Haal twee* ***ballonne*** *wat afsonderlik met* ***suiker en rys*** *- rofliks twee eetlepels vol - gevul is uit die geskenkboks.)* Mollie gaan vir Mamma ballonne gee! (*Laat maats in 'n sirkel om die tafel staan. Stuur die ballonne om die sirkel. Elke ballon moet* ***'n rekkie*** *aan die onderkant hê. Laat maats die rekkie in hul vuisies vashou en die ballon drie keer teen hul handjies slaan/bons voordat hulle dit vir die volgende maat aangee. Doen dit eers met die suiker- en dan met die rys-ballon. Indien moontlik, moet die ballonne rooi en/of hartjie-vormig wees.)*

Wat wil Mollie nog vir Mamma Muis gee? Kom ons kyk verder. *(Haal hartvormige koekie-drukkers en rooi klei uit die boks.)* Mollie wil vir mamma hartvormige koekies gee want Valentynsdag gaan mos oor hartjies en liefde! (*Laat maats* ***hartvorms*** *uit die* ***klei*** *druk.)*

Is daar nog iets in die geskenkboks? Ja! *(Haal vir elke maat 'n pypskoonmaker uit die boks. Haal ook* ***klein krale wat wit, rooi en pienk is****. Laat maats die krale op grond van kleur sorteer. Maats moet dan die* ***pypskoonmakers*** *deur hul krale ryg. As hulle klaar geryg het, moet die pypskoonmaker in die vorm van 'n hartjie gebuig word).* Mollie gaan vir mamma 'n hartvormige armband gee! Maar is die geskenkboks nou leeg? Nee. *(Haal* ***knyptangetjies*** *en* ***'n paar bakkies/sakkies elk met rooi "pom-poms"*** *gevul uit die boks.* Mollie wil vir Mamma "pom-poms" gee om voor op haar gunsteling pantoffels vas te maak. *(Laat maats die pom-poms een-een met die knyptangetjie optel en in 'n ander houer gooi.)*

Tematafels moet **ERVAAR** word...



# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*


## Dag 1 en 2





Op Valentynsdag sien mens oral rooi en hartjies want liefde bly in ons hartjies.
Op Valentynsdag kan ons vir mense geskenkies soos rose en ballonne gee.
Die hartjies in die prentjie is ROOI en die buite-lyne van die harte is GEEL.

## Dag 3 en 4





Ons kan ook geskenkies soos sjokolade en kaartjies vir ander mense gee.
'n Mens kry baie soorte liefde. Ons kan vir ons maatjies ook lief wees.
Die venster is blou en reghoekig. Die venster is 'n reghoek.

## Dag 5



Op Valentynsdag hoef ons nie net vir ons maatjies te bederf nie.
Ons kan ook vir mamma en pappa of ons families wys dat ons vir hulle lief is.
Mamma se romp is ook BLOU.

# TEMA-LES

## Valentynsdag

# DAG 1-2

**Let op:** Valentynsdag is nie ’n volwaardige tema nie maar vier die dag van Valentynsdag terwyl die konsep “liefde” ondersoek word.

Bepaal kleuters se voorkennis van Valentynsdag. Verduidelik dat Valentynsdag die dag van liefde is. Dit is die dag waarop ons vir mense wys dat ons vir hulle baie lief is. Rooi is die kleur van Valentynsdag. Mense gee vir mekaar rooi rose, rooi kaartjies, sagte wolbeertjies wat rooi harte vashou en nog geskenkies wat rooi is of hartjies op het.

Vra vir kleuters om aan nog items te dink wat rooi is, soos rooi appels, tamaties ens. ’n Brandweerwa is ook rooi en mamma gebruik rooi lipstiffie om haarself mooi te maak.

Mense gee nie net vir mekaar geskenkies op Valentynsdag nie maar kuier ook saam (spandeer tyd saam) en help mekaar met takies om te wys dat hulle lief vir mekaar is.

Dit hoef nie net bv. ’n pappa en ’n mamma te wees wat mekaar bederf nie. Ons kan ook vir ander mense wat vir ons spesiaal is iets gaafs doen om hulle spesiaal te laat voel. Ons kan byvoorbeeld vir hulle ’n kompliment gee (iets mooi vir hulle sê wat hulle harte gaan bly maak).

### Ouditiewe geheue

- Wat is Valentynsdag?
- Wat is die kleur van Valentynsdag?

### Kinestetiese leer

Laat maats een na die ander opstaan. Sak op jou knieë sodat hulle jou in die oë kan kyk. Gee vir elke maat ’n unieke kompliment sodat hulle kan ervaar wat ’n kompliment is.

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | |
|---|---|---|
| Valentynsdag | Rose | Takies |
| Liefde | Kaartjies | Spesiaal |
| Geskenkie | Hartjies | Gaaf |
| Rooi | Geskenkies | Kompliment |

## Liefde

# DAG 3-4

Laat maats op die mat sit. Vra vir hulle wat liefde is. Verduidelik vir hulle dat liefde iets is wat ’n mens in jou hartjie vir ander mense voel. Wanneer ons vir iemand lief is:

- praat ons mooi met hulle (ons skree nie op hulle nie);
- ons luister wanneer hulle met ons praat, soos wanneer mamma of pappa met ons praat;
- ons deel dit wat ons het bv. ons kossies en speelgoed met hulle; en
- ons slaan en skop hulle nie.

### Kritiese denke

- Moet ons almal liefhê?

# TEMA-LES

*Wat is liefde?*

## DAG 3-4

Vra vir maats of hulle aan nog maniere kan dink waarop ons mense moet hanteer vir wie ons lief is.

Wanneer ons vir iemand lief is kan ons dit vir hulle wys deur:

- vir hulle te sê ons is lief vir hulle;
- vir hulle te help met werkies (ons kan byvoorbeeld vir mamma help om die huis skoon te maak);
- saam met hulle te speel en gesels (tyd te spandeer); en deur
- vir hulle geskenkies soos sjokolades, ballonne of rose te gee.

'n Mens kan lief wees vir verskillende mense. Ons kan lief wees vir ons pappas en mammas. Ons kan lief wees vir ons boeties en sussie. Ons kan lief wees vir ons maats. Ons kan lief wees vir Jesus.

Wat het iemand al vir jou gedoen wat vir jou wys hulle is lief vir jou?

### Kinestetiese leer

Laat maats in pare van twee staan. Gee vir elke paar 'n bladsy wat hulle in die helfde moet skeur. Elke maat hou een helfde sodat hul kan begryp wat "deel" is.

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | |
|---|---|---|
| Liefde | Deel | Tyd |
| Praat | Werkies | Geskenkies |
| Skree | Skoonmaak | Sjokolade |
| Luister | Gesels | Rose |

*Jy is geliefd!*

## DAG 5

Maak seker dat maats verstaan wat Valentynsdag en liefde is. Hulle moet weet dat:

- Jesus vir hulle baie lief is,
- mamma/pappa/voogde vir hulle lief is,
- maats vir hulle lief is, en dat
- juffrou vir hul elkeen lief is.

Hulle is elkeen sommer baie spesiaal en daar is so baie mense wat vir elkeen van hulle lief is.

Maak seker dat maats verstaan dat jy vir hulle omgee en dat hulle weet hulle kan met jou gesels as iets hulle pla.

### Kritiese denke


- Is mense lief vir my?
- Wat het grootmense of maats al vir my gedoen wat vir my wys hulle is lief vir my?

**Hersiening:** Dit gaan hier om HERHALING vir VASLEGGING

# KUNSWERK
*Aktiwiteit 1*

## Vou, verf, knip, kleur in en plak

Vou 'n A3/A4 karton in die helfte. Laat kleuters hul hande met 'n verfkwas rooi verf en 'n handafdruk op die gevoude karton maak. Kleuters kleur dan 'n hartjie in, knip dit uit en plak dit in die middel van hul handafdruk. Laat hulle dan die onderstaande woorde uitknip en in die binnekant van die kaartjie plak.



(Ekstra hartjie)


Pappa, hiermee

gee ek vir jou my hartjie.

Gelukkige Valentynsdag.

## Verf/inkleur, knip en plak

Vou 'n A3/A4 karton in die helfte. Kleuters knip die onderstaande hartjies uit en verf hulle rooi. Die harte word dan in die vorm van 'n blom voorop die gevoude karton geplak. Kleuters moet dan groen pypskoonmakers as stingels plak. 'n Rooi gestrikte lint word dan oor elke maat se pypskoonmaker geplak. Kleuters moet dan die onderstaande woorde uitknip en in die binnekant van die kaartjie plak.



My hart behoort aan mamma!

Gelukkige

Valentynsdag


# KUNSWERK
*Aktiwiteit 3*

## Knyp, druk en smeer

Gee vir maats elk 'n wasgoedpennetjie. Laat hulle blokkies spons daarmee vasknyp en die spons in rooi verf druk. Laat hulle dan vir Rosie-Rooi "stempel". Die ogies en mond kan ingekleur word.


# Rosie-Rooi





## Teken,manipuleer en druk

Laat maats die onderstaande driehoek op die stippelyne met 'n rooi vetkryt natrek. Laat maats dan ROOI soutklei-balletjies maak en dit op die sirkels platdruk. Laat hulle dan ook die nommer "2" en sy spieëlbeeld in die middel van die driehoek met klei naboots om 'n hartjie te vorm.



**Benodighede**

| | |
|---|---|
| Hoepels | Groot balle |
| Boontjiesakkies | Vorms: Vierkant,sirkel,driehoek,reghoek |
| Toue | Balanseerbalk |
| Merkers (kegels) | Borrels |

## Opwarming

- Laat maats heen en weer hardloop. Herhaal 'n paar keer.
- Laat maats hulle arms langs hul sye hou en hulle oop en toe in die vorm van'n ster swaai.
- Laat maats hulle bene teenmekaar hou en dan met hul bene oop en toe sywaarts spring.
- Kombineer die bogenoemde dan in een sprong, naamlik'n stersprong, waar arms en bene gelyktydig oop en toe gaan. (Herhaal die skêrspronge vyf tot tien keer)

## Bilaterale koördinasie - bene en voete

- Plaas 'n stuk tou van ongeveer drie meter op die grond. Laat maats met hulle voete oorkruisend oor die tou loop of "zig zag".
- Plaas 'n groot bal voor elke maat. Maats moet die bal met hul regtervoet na links en met hul linkervoet na regs skop. Dit is belangrik om daarop te let dat kleuters hulle middellyne kruis.

## Dinamiese Balans

- Laat maats platvoet oor 'n balanseerbalk loop.
- Laat maats hak-teen-toon oor die balanseerbalk loop.
- Laat maats met boontjiesakke op hulle koppe oor die balanseerbalk loop terwyl hulle oë toe is.

## Middellynkruising van hande

Maats moet op 'n gelyke oppervlak met hulle arms langs hulle sye lê. Plaas twee hoepels, een links en een regs van elke maat. Plaas vyf boontjiesakkies in hoepel aan die linkerkant van elke maat. Laat maats hulle regterhande gebruik om die sakkies na die regterkanste hoepel te verplaas. Laat maats die oefening andersom ook herhaal. Laat maats volgende lyne met hulle hande van links na regs oor hulle middelyne trek. Herhaal die oefening andersom. Maats moet laastens hul aan hul teenoorgestelde oor, heup en skouer met hul onderskeie hande raak.

## Reaksie-tyd

- Laat maats tien boontjiesakkies vinnig en snel met hul voorkeurhande (dominate hande) in 'n hoepel oor 1, 5 meter afstand gooi.
- Plaas nou vier verskillende kleure hoepels in 'n vierkantige formaat langs mekaar. Maats moet nou telkens volgens juffrou se instruksies links, regs, vorentoe en agtertoe in 'n spesifieke kleur hoepel spring.

### Ratsheid

Laat maats wydsbeen sit. Laat val ’n groot bal tussen maatjie se bene terwyl hulle die bal met hulle bene probeer “vang” deurdat hulle hul bene vinnig toeknyp. Herhaal die oefening ’n paar keer.

### Ruimtelike oriëntering

Plaas ’n boontjiesakkie op ’n vierkant, sirkel, driehoek en reghoek (byvoorbeeld met bordkryt geteken) op die vloer. Plaas ’n paar meter verder nog n vierkant, sirkel, driehoek en reghoek. Maats moet die boontjiesakkies nou van vierkant na vierkant, driehoek na driehoek ens. verplaas. Maats hardloop dus heen en weer.

### Ritme

Maats moet ritmies op hulle kniegies en dan weer bo hulle koppies met hul hande klap. Laat maats van een na twee op hulle kniegies en van drie na vier bo hulle koppies klap.

### Afwarming

Laats maats in ’n rustende posisie op ’n gelyke oppervlakte lê. Blaas borrels terwyl kleuters slegs hulle ogies gebruik om die borrels te volg. Laat maats nou diep asemhaal en dan weer uitblaas. Herhaal die oefening.



STEAM

# My hartjie - Wetenskaplike apparaat

Jou lyfie het 'n hartjie waarin liefde bly.  Hierdie hartjie klop sommer baie hard. Jou hartklop kan gehoor word teen jou bors. Dit is hoe dokters ook na jou hartjie luister.  Hulle gebruik 'n stetoskoop.

## Kom ons maak 'n stetoskoop!

Indien juffrou genoeg voorraad het kan elke maat sy eie stetoskoop maak.  Alternatiewelik kan dit as 'n klas of groep-aktiwiteit aangebied word.



## Benodighede

- Toiletrolle
- Tregter of koeldrankbottel se kop afgesny
  (Maak seker die gesnyde kant is mooi glad sodat maats nie kan sny nie)
- Breë kleeflint

## Instruksies

1. Hou twee toiletrolle teen mekaar en plak hulle met kleeflint styf aanmekaar vas.
2. Plaas nou die tregter binne in toiletrolletjies en plak dit met kleeflint vas.
3. Laat een maat op sy rug lê.  Plaas die stetoskoop oor sy hart-area en laat die ander maats na sy hartklop luister.

## Wat het ons geleer?

My lyfie het 'n hartjie wat klop. Dokters luister na ons hartjies deur van instrumentasie gebruik te maak.

DIE

Stetoskoop!

